Kaptein Duiwel

Dana Snyman

Vrae
LETTERLIK

Vraag 1.

1.1. Hoe ver van die naaste dorp het die kar gebreek? Werk die antwoord uit in KILOMETER as die verhouding 1.6km vir 1myl is en skryf beide neer. (1)
1.2. Wat was die naam van die dorp? (1)
1.3. Haal DRIE APPARTE WOORDE aan wat sê dat die kar gebreek het. (3)
1.4. Watter maak (model) was die kar? (1)
1.5. Wat doen die vader direk nadat die kar onklaar geraak het? Gee DRIE FEITE. (3)
1.6. Wat se troetelnaam gebruik die ouma vir die verteller se pa? (1)
1.7. Wat dink die verteller se ouma is fout met di kar? (1)
1.8. Waar stop die verteller se pa die kar? (1)
1.9. Watter TWEE dinge doen die verteller se pa direk na hy die kar gestop het? (2)
1.10. Wat is so besonders aan die dag? (1)
1.11. Hoe laat het die familie daardie oggend al vetrek? (1)
1.12. Waar bly die familie? (1)
1.13. By wie gaan hulle kuier? (1)
1.14. Wat gaan hulle daar doen? (1)
1.15. Wie klim tweede uit die motor? (1)
1.16. Waar het die psersoon gesit? (1)
1.17. Wie klim derde uit die motor? (1)
1.18. Wie klim vierde of tweede laaste uit die kar? (1)
1.19. Wie klim vyfde of heel laaste uit die kar? (1)
1.20. Waar gaan staan almal? (1)
1.21. Na wat in die motorenjin wys ouma toe sy weer vra of die nie die fênbelt is nie? (1)
1.22. “Nee, Mammie, dis nie die fênbelt nie.”
1.23. Haal EEN WOORD uit die volgende paragraaf wat sê dat dit baie warm is. (1)

Oupa stap tot in die middel van die pad, sy hemp natgesweet tussen sy blaaie.

1.24. Haal EEN WOORD uit die volgende aanhaling uit die storie wat sê dat daar nie veel plantegroei rondom hulle is nie. (1)

... kyk met skrefiesoë oor die kaal vlakte rondom ons uit.

1.25. Skryf die NOMMERS oor en Maak ‘n regmerkie langs die nommer van dit wat hulle wel sien en ‘n kruisie langs die nommer van dit wat hulle nie sien nie.

1.25.1.	1.25.2.	1.25.3.	1.25.4.	1.25.5.

1.26. Wat dink die verteller se pa is fout met die motor? (1)
1.27. Waar is die horlosie waarop die verteller kan sien hoe die tyd verbygaan? (1)

1.28. Waarvan reken die verteller se pa en oupa sal hulle oorleef? Gee TWEE feite. (2)
1.29. Beantwoord die volgende vrae n.a.v. 'n storie wat die verteller se ma gelees het:
    1.29.1. Waarin het ma die storie gelees? (1)
    1.29.2. Wat het geval? (1)
    1.29.3. Waar het dit geval? (1)
    1.29.4. Watter sport het die mans gespeel? (1)
    1.29.5. Hoe het hulle aan die lewe gebly? (1)
1.30. Wie sien eerste iets in die verte aankom? (1)
1.31. Soos wat lyk dit eers? (1)
1.32. Wat is dit. (1)
1.33. Wat doen die vragmotorbestuurder om te wys hy het hulle gewaar? (1)
1.34. Wat val uit die vragmotor toe die bestuurder die deur oopmaak? (1)
1.35. Wat dra die man wat uitklim? (1)
1.36. Hoe weet ons van wat die verteller sê dat die man dronk is direk na hy uit die trok geklim het? (1)
1.37. Wat is die trokbestuurder se naam? (1)
1.38. Wat sê hy noem die mense hom? (1)
1.39. Wat gebeur nadat hy onder die enjinkap gepeuter het en die Hillman se sleutel gedraai het? (1)
1.40. Wat dink hy is fout met die kar? (1)
1.41. Wat sê hy sal hy moet doen? (1)
1.42. Wat sê die verteller se pa hieroor? Gee TWEE feite. (2)
1.43. Waarmee word die Hilman aan die vragmotor vasgemaak? (1)
1.44. Soos wat voel die rit vir die verteller? (1)
1.45. Wat sê die verteller se oupa moet pa doen? (1)
1.46. Wat is die verteller se ma besig om te doen terwyl hulle getou word? (1)
1.47. Hoekom kan die vragmotor pa nie hoor toe hy toet nie? (1)
1.48. Hoe vinnig ry hulle? (1)
1.49. Wat kom toe verby hulle kar gevlieg? (1)
1.50. Haal TWEE opeenvolgende woorde uit die aanhaling van die storie wat sê dat Kaptein Duiwel voorheen aan die verkeerde kant van die pad gery het. (1)

Kaptein Duiwel is al weer met ons aan die verkeerde kant van die pad.

1.51. Wat begin die verteller se Oupa te sing? (1)
1.52. Noem VIER dinge wat die verteller van Pofadder sien? (4)
1.53. Wat doen die verteller se pa weereens om Kaptein Duiwel se aandag te probeer kry? (1)
1.54. Wat doen die verteller se oupa toe hulle so vinnig veby Pofadder ry? Noem TWEE feite. (2)
1.55. Die verteller se pas de dat hulle iets sal moet doen omdat Katein Duiwel een van twee dinge gaan doen. Sê dit in jou eie woorde. (2)
1.56. Hoekom sê die verteller se pa toe dat hulle moet vashou? (1)
1.57. Hoekom luister die verteller se pa nie toe hy hom vra wat “ontset” is nie? (1)
1.58. Wat doen die verteller se pa wat die Hillman in die middel van die pad laat vassteek en kraak? Gee TWEE feite. (2)
1.59. Wat gebeur met die tou. Gee TWEE feite. (2)
1.60. Wat gebeur met die insittendes in die kar? (1)
1.61. Wat gebeur met die verteller se oupa se hoed? (1)
1.62. Waar land die verteller se ouma se handsak? (1)

Vraag 2. Wat gebeur met die verteller? Noem TWEE feite. (2)
Vraag 3. Wat hoor die verteller sy ouma vaagweg vra? (1)

NIE-LETTERLIK

Vraag 2.

2.1. Verduidelik wat gebeur as ‘n kar ruk, proes en vrek? (1)
2.2. Wat sê dit vir ons van die verteller se ouma se kennis van karre as sy deur die hele storie vra of dit nie dalk die fênbelt is nie? (1)
2.3. Hoekom dink jy gebruik die verteller se ouma die woordjie “hartjie” as sy die verteller se pa vra wat fout met die kar is? (1)
2.4. Hoekom byt die verteller se pa net op sy tande? (1)
2.5. Wat sê dit vir ons van die klimaat in die streek as die verteller se oupa sê: “As die son jou vandag hier alleen kry, brand hy jou dood.”?
2.6. Hoekom kyk die verteller se oupa met skrefiesoë oor die kaal vlakte? (1)
2.7. Wat sê dit vir ons as die verteller sê: “Daar is nie 'n kar in sig nie.”
2.8. Die verteller maak melding van die “stilte” wat hy sien. Hoe sien ‘n mens stilte? (1)
2.9. Tolbosse kom gewoonlik in woestyngebiede voor. Wat se ooreenkoms kan die omgewing waar hulle gestrand is met ‘n woestyngebied hê? (1)
2.10. Hoekom dink jy verwys mans in die algemeen na karre as “vroulik”? (1)
2.11. Hoe slaan ‘n kar bearings? (1)
2.12. Hoekom huil die verteller toe sy pa en oupa bereken hoe lank hulle sal kan oorleef op die water in radiator en Ma vertel van die storie vertel wat sy in 'n tydskrif gelees het van 'n vliegtuig wat in die Andesgebergte geval het? (1)
2.13. Wat is die belangrikste verskil tussen die gesin wat gestrand is en die rugbyspelers wat in die Andesgebergtes gestrand was? (1)
2.14. Hoekom lyk dit asof die vragmotor in die verte bewe? (1)
2.15. Hoekom gebruik die verteller woorde soos “grom, bewe” en “blaas” as hy verduidelik hoe die vragmotor stop? (1)
2.16. Hoekom gebruik die verteller die woord “swaai” as hy beskryf hoe die deur oopgaan? (1)
2.17. Wat sê dit onmiddelik vir jou as leser van die bestuurder as die verteller sê: “'n Leë bottel val uit” en “wiegend op sy voete”? (2)
2.18. Gee DRIE woorde wat Kleingiel Stols se persoonlikheid beskryf n.a.v. die manier waarop hy die familie groet. (3)
2.19. Hoekom dink jy is sy naam Kleingiel en nie net Giel nie? (1)
2.20. Wat vertel dit onmiddelik vir jou as leser as Kleingiel sê: “... hulle noem my nie verniet die Kaptein Duiwel van De Aar nie.”? (1)
2.21. Dit is duidelik dat Kleingiel of Kaptein Duiwel nie veel van enjins weet nie as die verteller sê hy het onder die enjinkap gaan “peuter”. Hoekom dink jy het hy dit dan gedoen? (1)
2.22. Is dit vanpas dat die verteller se ouma Kleingiel as “meneer” aanspreek? Verduidelik die argument daarvoor en daarteen. (4)
2.23. Wat sê dit verder vir ons van Kleingiel of Kaptein Duiwel se karakter as hy na die verteller se ouma verwys as “my antie”? (2)
2.24. Hoekom is dit ironies dat Kleingiel of Kaptein Duiwel sê: “Jy sal nie nou 'n nugter mechanic kry nie.” (1)
2.25. Hoekom kyk die verteller se pa na Kaptein Duiwel, toe na die gebreekte bottel in die pad en toe die verte in voordat hy instem dat Kleingiel of Kaptein Duiwel hulle kan sleep. (2)
2.26. Verduidelik: “Nie lank nie, toe pluk daai tou styf.”
2.27. Wat beteken: “van sy trollie af”? (1)
2.28. Hoekom kan jou antwoord of die vorige vraag JA of NEE wees? (2)
2.29. Hoe kan dit wees dat die verteller ervaar dat hy voel asof hulle op die Big Dipper by die Randse Paasskou is? (1)

2.30. Hoekom sal die verteller se Ma nie eens opkyk omdat sy een van haar Mills & Boons-boekies lees nie? (1)
2.31. Hoe vinnig ry hulle in kilometers as hulle teen 60 myl per uur ry? (1)
2.32. Hoekom is die verteller se pa duidelik ontsteld toe hy die wynbottel veby hulle sien vlieg? (1)
2.33. Hoekom is die Psalm wat die verteller se oupa sing op die wyse geskryf? (1)
2.34. Wat beteken dit as die verteller sê: “Later word die toring 'n dorp met peperbome en huise, 'n winkel en 'n garage.” (1)
2.35. Wat beteken dit as die verteller ook sê: “Maar die Hillman se speedometer bly botstil op 60 myl per uur staan.” (1)
2.36. Verduidelik: “Pa lê op die toeter” (1)
2.37. Wat beteken: “ontset”? (1)
2.38. Verduidelik die wetenskaplike konsep wat met die insittendes van die motor gebeur as die teorie staaf dat “’n ligaam wat in beweging is in ‘n voertuig en die voertuig wat dan skielik tot stilstand kom.” (2)
2.39. Hoekom sal die verteller vaagweg sy ouma se stem hoor? (1)

Vormaspekte

Vraag 2.

3.1. Bespreek die funksionaliteit van die antiheld se bynaam m.b.t. die ruimte en gebeure in die verhaal. (10)
3.2. Bespreek hoe die skrywer spanning in die verhaal skep. (10)
3.3. Watter tipe verteller is aan die woord in die verhaal? (1)
3.4. Bespreek die intrige in die verhaal. (5)
3.5. Bepreek die ruimte of die milieu in die verhaal. (10)
3.6. Bespreek die stemming in die verhaal. (5)
3.7. Wat is die tema van die verhaal. (2)